

DORPSTIGTING IN DIE ORANJE-VRYSTAAT: 1854—1864

Prof. J. C. Moll

Departement Geskiedenis, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein

Feitlik al die dorpe wat gedurende die eerste dekade van die onafhanklike bestaan van die Oranje-Vrystaat hulle verskyning gemaak het, het sonder goedkeuring van die Volksraad ontstaan. In werklikheid het daar geen bepalings bestaan vir die prosedure waarvolgens dorpe gestig moes word nie. Weliswaar is daar in Februarie 1856 'n ordonnansie deur die Volksraad aanvaar vir die oprigting van "municipale collegien" in die "steden en dorpen" van die Oranje-Vrystaat.¹

Hierdie ordonnansie was egter gemik op die beter reëling van plaaslike aangeleenthede binne die bestaande dorpe — Winburg, Bloemfontein, Fauresmith, Smithfield en Harrismith. Artikel 1 het bv. bepaal dat 'n landdros of vrederegter 'n vergadering moes byeenroep indien 'n versoekskrif aan hom voorgelê word "onderteekend door niet minder dan vijftien huishouders, woonachtig zijnde binnens ééne Engelsche mijl van het midden van zoodanige stad of dorp, om eene bijeenkomst te beroepen, bestaande uit huishouders, ... om te beslissen of Municipale Regulatien voor de bedoelde stad of dorp zullen worden aangenomen en ingevoerd, of niet."² Verdere artikels het onder meer voorsiening gemaak vir die behoorlike kennisgewing van sodanige vergadering, die benoeming van 'n komitee om municipale regulasies op te stel en vir grensafbakening. Hierdie regulasies, so is bepaal, moes onverwyld aan die staatspresident gestuur word om deur die Uitvoerende Raad verbeter of goedgekeur te word.

Dit is interessant om daarop te let dat die municipale kommissaris 'n "collecteur" moes aanstel om belastings te ontvang en "nachtwachters" en "straatbewaarders" kon aanstel om toesig oor strate en openbare werke te hou. Die kommissarisette het onder meer ook mag ontvang tot die aankoop van "brandspuite, aanschaffen en oprigten van lampen tegen huizen, palisaden enz.", die bou van brûe, damme en ander waterwerke, toesig oor waterverdeling "tot bevochtiging der erven" en die hef van belastings. Municipale regulasies moes voorsiening maak vir die yk van mate en gewigte, die oprigting en skoonhou van slaghuise en maatreëls teen "het geweldig drijven of jagen met wagens, karren, of te paard door de straten"

Hierdie belangrike ordonnansie het egter geen voorsiening gemaak vir die wyse waarop dorpe aangelê moes word nie. Dit het slegs bepalings bevat vir dorpe wat reeds in 'n taamlik gevorderde stadium van ontwikkeling was.

Die dorpsbewoners kon self besluit om 'n municipale bestuur op te rig en het slegs goedkeuring vir hulle municipale regulasies verkry.

Dat ordonnansie no. 8 van 1856 geensins in al die leemtes, veral in die primêre fasies van dorpstigting en -reëling, voorsien het nie, blyk uit 'n ordonnansie (no. 2 van 1858)³ wat twee jaar later aanvaar is. Dit het regulasies bevat vir dorpe waar geen municipale rade bestaan het nie. Hiervolgens is o.m. bepaal dat in sulke dorpe dit die landdros of resident-vrederegter of enige ander bevoegde hoofamprentaar aldaar woonagtig sou vrystaan om regulasies vir die goeie orde uit te vaardig. Hierdie regulasies moes vir tien dae op 'n geskikte plek binne die dorp aangebring word, waarna 'n openbare byeenkoms van huishouers⁴ plaasvind om die regulasies in oorweging te neem. Indien die regulasies aanvaar is, is dit aan die goewernementsekretaris oorhandig wat dit op sy

beurt aan die Uitvoerende Raad vir goed- of afkeuring voorgelê het.

Nog steeds is geen bepalings neergelê vir die rol van die Volksraad in die totstandkoming van dorpe nie. Intussen het die Vrystaatse bewoners voortgegaan om dorpe tot stand te bring en erwe te verkoop. Dat so 'n toestand eenvoudig nie sou kon voortduur nie, blyk uit 'n Volksraadsbesluit wat op 20 Februarie 1863 geneem is: "De Raad besluit in het vervolg geene plaats als dorp te erkennen tenzij daarvoor eerst aanvraag gedaan wordt, en die Volksraad daarvan zijne goedkeuring gehecht heeft."⁵ 'n Meer drastiese voorstel, nl. dat die Volksraad voortaan geen dorpe sal erken nie tensy hulle ten minste "12 uren te paard afstands" van alle ander omliggende dorpe geleë is, is verwerp.⁶ Tog toon dit die besorgdheid oor dorpe wat besig was om heeltemal onplanmatig te verrys.

Bogenoemde besluit van die Volksraad was van groot belang vir die toekoms en sluit in der waarheid die eerste fase van dorpstigting in die Oranje-Vrystaat af. Dit kon natuurlik nie dorpe wat reeds bestaan het en nog nie deur die Volksraad erken is, ongedaan maak nie. Onmiddellik nadat hierdie besluit geneem is, het twee reeds bestaande dorpe, Bethulie en Edenburg, byvoorbeeld aansoek gedoen om amptelike erkenning deur die Volksraad en twee ander sou kort hierop volg. Tog het hierdie besluit groter besinning oor dorpstigting gebring, want indien die Volksraad nie geken sou word in dorpstigting nie, kon hy weier om fondse beskikbaar te stel vir 'n landdros, onderwyser, openbare geboue, ens.

DORPE ONTSTAAN SONDER GOEDKEURING VAN DIE VOLKSRAAD

Binne die eerste tien jaar van die bestaan van die onafhanklike Vrystaat is nie minder nie as nege dorpe deur die Volksraad erken: *Kroonstad* (in die distrik Winburg op 6 Maart 1854), *Boshof* (in die distrik Bloemfontein op 14 Februarie 1856), *Reddersburg* (in die distrik Bloemfontein op 21 Februarie 1861), *Jacobsdal* (in die distrik Fauresmith op 22 Februarie 1861), *Philippolis* (in die distrik Fauresmith op 12 Februarie 1862), *Edenburg* (in die distrik Fauresmith op 4 Maart

1. Kyk *Ordonnantie-Boek van den Oranje-Vrystaat 1854—1880* (Bloemfontein, 1881), pp.121—127.
2. *Ibid.*, p.121.
3. *Ibid.*, pp.152—153. "Ordonnantie, belangende het vervaardigen en in werking brengen van Regulatien voor steden en dorpen in den Oranje-Vrystaat, alwaar geene Municipale Collegien bestaan".
4. As "huishouder" is beskou: "Ieder manspersoon die bewoner is van eenig huis, winkel, of kantoor, hetzij als eigenaar of huurder van eene jaarliksche waarde van £5 of daarboven ..." (art. 42).
5. OVS-VOLKSRAAD, *Notulen der verrichtingen*, 20.2.1863, p.46.
6. *Ibid.*



1863), *Bethulie* (in die distrik Caledonrivier op 4 Maart 1863), *Rouxville* (in die distrik Caledonrivier op 19 Februarie 1864) en *Bethlehem* (in die distrik Harrismith op 27 Februarie 1864).

Met die uitsondering van slegs een van hierdie dorpe was almal reeds bewoon en as dorpe beskou lank voordat hulle amptelik deur die Volksraad as sodanig erken is. Meer as drie jaar voordat Bethlehem in 1864 deur die Volksraad tot dorp verklaar is, is die eerste erwe reeds daar verkoop onder die duidelike verstandhouding dat 'n dorp gestig word. Dit blyk baie duidelik uit 'n advertensie (in hoofopskrifte) vir 'n erweverkoping in 1860: "Nieuwe Dorp. Tot algemeene narigt is dienlyk, dat de ondergetekenden voornemens is op die plaats Pretoriuskloof, bestemd voor het nieuwe dorp Bethlehem op Zaturdag, 3 Maart 1860, Publiek te verkoopen, ten behoeve van de aldaar gesticht te worden Gereformeerde Kerk, 120 Erven"

Die feit dat erwe so lank voor die Volksraad se amptelike goedkeuring van 'n bepaalde dorp verkoop is, het tot dusver probleme gelewer vir streekhistorici. So verklaar A.P.J. van Rensburg dat die burgers wat verantwoordelik was vir die eerste verkoop van erwe te Bethlehem onder die wanindruk verkeer het dat Bethlehem reeds as dorp verklaar is.⁸ Ook C.J. Uys skryf van 'n "onwettige verkoop" van erwe voordat Rouxville amptelik as dorp erken is.⁹ Word die geheelbeeld van die ontstaan van al hierdie dorpe egter in oënskou geneem, is dit duidelik dat die verkoop van erwe voor amptelike dorpsverklaring deur die Volksraad die tipiese verloop van dorpstigting was.

Nog 'n voorbeeld is Boshof. Gedurende Mei 1853 het daar 'n advertensie in *The Friend* verskyn waarin kennis gegee is van die beoogde stigting van 'n "nieue Dorp" te Van Wyksvallei.¹⁰ By wyse van 'n verdere advertensie is die publiek in Januarie 1854 verwittig van 'n groot getal water- en droë-erwe wat in die nuwe "dorp" te koop aangebied word.¹¹ Boshof is nietemin eers twee jaar later deur die Volksraad tot dorp verklaar.

Jacobsdal is in Februarie 1861 deur die Volksraad as dorp verklaar. Bykans twee jaar tevore, in Maart 1859, is die eerste erwe daar verkoop met die doel om "een dorp aanteleggen".¹² Wat Edenburg betref, is reeds in

Philippolis, 1863, 'n jaar nadat dit deur die Volksraad as dorp erken is.
FOTO: VRYSTAATSE ARGIEFBEWAARPLEK, BLOEMFONTEIN

Oktober 1861 aangekondig dat 'n komitee die plaas Rietfontein aangekoop het "met oogmerk om aldaar een dorp aan te leggen."¹³ Die eerste erweverkoping het in Maart 1862 plaasgevind. Oor die "New Dorp 'Edenburg'" het *The Friend* berig: "The new village of Edenburg, situated at no great distance from Reddersburg, Bethany and Fauresmith, promises to become one of the most go-ahead townships in this State"¹⁴ Byna 'n jaar na hierdie erweverkoping is Edenburg eers formeel deur die Volksraad as dorp erken.

Die enigste uitsondering op hierdie patroon van dorpstigting is Kroonstad. Dit is in September 1854 deur die Volksraad as toekomstige dorp verklaar, terwyl die eerste erwe eers in April 1855 verkoop is.¹⁵ Hiervoor was daar 'n besondere rede. President J.P. Hoffman het self 'n ontwerp aan die Volksraad voorgelê met betrekking tot die aankoop van 'n plaas vir 'n kerk aan die Valsrivier.¹⁶ Die twee sendingtasies Philippolis en Bethlehem was natuurlik reeds goed gevinstigde dorpies toe dié grondgebied deur die Vrystaatse regering oorgeneem is.¹⁷

Ten spyte van hierdie uitsonderings is 'n algemene verloop van dorpstigting gedurende die eerste dekade van die Vrystaat tog herkenbaar: die aankoop van 'n geskikte plaas (gewoonlik deur 'n komitee), die opmeet en verkoop

7. *The Friend*, 6.1.1860.
8. A.P.J. VAN RENSBURG, *Die geschiedenis van Bethlehem 1864—1964* (Johannesburg, 1964), p.17.
9. C.J. UYS, *Rouxville (1863—1963)* (Bloemfontein, 1963), p.39.
10. *The Friend*, 26.5.1853.
11. *The Friend*, 14.1.1854.
12. *The Friend*, 4.2.1859.
13. *The Friend*, 4.10.1861.
14. *The Friend*, 7.3.1862.
15. *The Friend*, 17.3.1855. Kyk ook M.C.E. VAN SCHOOR, *Gedenkskrif ter viering van die honderdjarige bestaan van die Nederduitse gereformeerde gemeente, Kroonstad 1860—1960* (Bloemfontein, 1961), p.20.
16. OVS-VOLKSRAAD, *Notulen ..., 5.9.1854*, p.49.
17. Kyk bv. J.A. BOSCH, *Eeuvesgedenkboek van die N.G. gemeente Philippolis 1862—1962* (Philippolis, 1962), p.24 e.v.

van erwe en eers daarna formele dorpserkenning deur die Volksraad.

DIE ROL VAN DIE KERK

Uit die advertensies vir erweverkoping en die memories vir dorpserkenning blyk dit baie duidelik dat die goedkeuring en samewerking van die Nederduitse Gere-

'n Advertensie vir erweverkoping in Bethlehem soos dit verskyn het in *The Friend*, 6.1.1860.

FOTO: IAN TRAILL, BLOEMFONTEIN.

NIEUWE DORP.

TOT algemeene narigt is dienlyk, dat de ondergetekenden voorneming is op die plaats

PRETORIUSKLOOF,

BESTEMD VOOR HET NIEUWE DORP

BETHLEHEM,

OP ZATURDAG, 3 MAART,
1860,

PUBLIEK TE VERKOOPEN.

Ten behoeve van die aldaar gesticht te worden
GEREFORMEerde Kerk,

120 ERVEN.

De byzondere gesluktheid van deze plaats voor een dorp, behoef aan die daarmede bekendzynde personen geen aanbeveling, hoeook genaamd, daar dezelve gelegen is te midden van het digt beplante, bewoonde en voor al vee het meest geschikte streek, tusschen

Harrismith en Winburg.

Veldkornetschap van den hr. JAN RAATH

Op deze plaats vereenigen zich drie hoofdwerken, namelijk, van Kroonstad, Harrismith en Bloemfontein, die derhalve een uitmuntende handelsplaats daarstelt, tevens bestaat er een vooruitzigt om aldaar een ruime district te forseeren.

De Erven zy een ruime grootte.

Het uitrigt v... dat dorp is zeer geloon, en het klimaat overtuig dat van de gezondste streeke in den Vrystaat.

De conditien van verkooping zyn zeer voordeelig.

J. MULLER.
D. MALAN.
F. P. NAUDE.

L. J. PAPENFUS,
Venuks-aflsiger.

Bloemfontein,
27 December, 1860.

formeerde ring of kerkraad van 'n bepaalde streek as 'n baie belangrike vereiste beskou is. In die geval van Edenburg is duidelik verklaar dat daar slegs gewag word op "antwoord van den Ring" ten einde die datum en voorwaardes vir die verkoop van erwe te bepaal.¹⁸ Dat kerkbediening 'n belangrike rede vir die ontstaan van Edenburg was, kan aangelei word uit die aanvanklike negatiewe beskouing van *The Friend* oor die toekoms van die dorp. "We fear the farm selected is too near Reddersburg to warrant the hope that the contemplated town will, for some time to come, become much of a place for business. It is, we believe, to be established by the adherents of the Old Church in opposition to the Separatists, who were the founders of Reddersburg."¹⁹

In hulle memorie aan die Volksraad vir dorpserkenning het die Edenburg-memorialiste daarop gewys dat "door de grootste gedeelte onzer reeds aanzoek is gedaan by de Transgariepschen Ring ... om die plaats en omrek ... als eene afsonderlike gemeente te mogen hebben". Dit is deur die ring toegestaan met die voorbehoud dat 'n kommissie van ondersoek "naar plaats en gelegenheid zoude gaan, hetwelk is geschied en met goedkeuring beantwoord".²⁰ Die ring was tevrede, daar kon dus voortgegaan word met dorpstigting.

Die geskiedenis van die ontstaan van Reddersburg is die verhaal van die Gereformeerde gemeente. Die memorialiste wat tydens die Volksraadsitting van 1861 aansoek gedoen het om dorpserkenning, het daarop gewys dat hulle reeds in Junie 1859 die plaas Vlakfontein "voor eene Kerkplaats ... ten behoeve van de gemeente" aangekoop het.²¹

Die voornemende stigters van 'n nuwe dorp te Rouxville het pertinent verklaar dat hulle goedkeuring van die kerkraad verkry het vir dorpstigting: "De inwoners van het land tusschen de Caledon en Oranjerivier, lang de behoefte gevoeld hebbende voor een Dorp en Kerk in die nabuurschap hebben eindelyk van den Kerkenraad verkregen om in hunne behoefte te voorzien". Vir hierdie doel is die plaas Zuurbult aangekoop en die opbrengs van die erweverkoping sou, nadat die plaas betaal was, onder meer gebruik word vir die oprigting van 'n kerk en pastorie.²²

Ook te Bethlehem is erwe op die plaas Pretoriuskloof in Maart 1860 verkoop "ten behoeve van de aldaar gesticht te worden [Nederduitse] Gereformeerde Kerk...."²³

Soos reeds daarop gewys, het Kroonstad sy ontstaan te danke aan die behoefte aan 'n kerk aan die Valsrivier. Ook die ontstaan van Philippolis en Bethulie is ten nouste verbonde aan die werksamhede van sendinggenootskappe.

Een van die beste voorbeeld van die invloed van die kerk op dorpstigting is dié van Boshof. In Februarie 1856 het die leraar van Bloemfontein, ds. Andrew Murray, 'n memorie aan die Volksraad voorgelê. Hierin het

18. *The Friend*, 4.10.1861.

19. *The Friend*, 11.10.1861. Later het hierdie nuusblad sy standpunt gewysig en was baie meer optimisties oor Edenburg se potensiaal vir ontwikkeling.

20. Vrystaate Argiefbewaarplek, Bloemfontein (V.A.B.), V.R. 174 Bylae tot Volksraadsnotule 1863 II: Memorie van J.J. Pienaar en 54 ander, ongedateerd, pp.32–35. Kyk ook M.C.E. VAN SCHOOR en J.C. MOLL, *Edenburg* (Bloemfontein, 1963), p.35 e.v.

21. V.A.B., V.R. 169 Bylae tot Volksraadsnotule 1861 I: Memorie van J.J. Venter en 41 ander, ongedateerd, pp.106–108.

22. *The Friend*, 18.9.1863. Hierdie nuusblad verwys na die plaas wat aangekoop is met goedkeuring van "the Rev. Mr Roux and the kerkrad of Smithfield ..." *The Friend*, 19.6.1863.

23. *The Friend*, 6.1.1860.

of lime is to contagious diseases. They are, so to speak, powerful disinfecting agents, and their vocation is to teach morality and christianity. Have we, as a community, received any benefit from their presence amongst us? We may safely say that we have, for we can already perceive a break in those clouds of sombre hue — besotted ignorance and degrading immorality — which have so long enveloped this country."²⁶ Gesien teen hierdie agtergrond kan beweer word dat dorpstigting inderdaad die ligpunte van beskawing oor afgeleë dele van die Vrystaat versprei het.

Die Volksraad se pertinente besluit in Februarie 1863 dat hy in die toekoms geen plaas as dorp sou erken nie tensy vooraf toestemming gevra word, het belangrike gevolge vir dorpstigting ingehou. Die Volksraad sou in toenemende mate oortuig moes word van die lewensvatbaarheid van voorgenome dorpsaanlegte. Die aandrang van kerklidmate sou beslis nog steeds 'n belangrike oorweging wees vir 'n Volksraad waarvan die lede in die meeste gevalle ook vooraanstaande kerkmanne was. Maar voortaan het die beslissing by die Volksraad berus. Erwe sou nie meer verkoop kon word voordat toestemming vir dorpstigting verkry is nie. En die Volksraad se toestemming was belangrik. Uit die staatskas kon hy die noodsaaklike geld bewillig vir landdroste, vrederegters, onderwysers, openbare geboue, ens.

DIE ALGEMENE MOTIEWE VIR DORPSTIGTING

Afgesien van die belangrike godsdienstige motief soos hierbo uiteengesit, was daar ook demografiese, geografiese, ekonomiese en sosiale redes vir dorpstigting. Uit die advertensies vir die verkoop van erwe sowel as uit die memories kristalliseer veral vyf redes vir dorpstigting uit: die aanwesigheid van 'n sterk Blanke bevolking in die omgewing of die potensiële vermeerdering van die bestaande bevolking; die geografiese ligging waarin veral die beskikbaarheid van water (en hout) en die afstand van hoofpaaie, ander dorpe en die grens beklemtoon is; handelsmoontlikhede en ten slotte minder belangrike motiewe soos klimaatsgesteldheid en selfs estetiese oorweginge.

(a) Demografiese faktore

Al die dorpe onder bespreking is gestig in 'n deel van die Vrystaat waar daar reeds 'n sterk konsentrasie van gevestigde Blankes was. Jacobsdal is 'n goeie voorbeeld hiervan. Die voorneme om daar 'n dorp te stig het reeds verskeie jare bestaan "en door de toenemende bevolking van het zuidelyk gedeelte van Middelveld, begin men dagelyks meer aan de volvoering van het plan behoeft te gevoelen"²⁷ Bethlehem is geadverteer as geleë te midde van die "digst beplantte, bewoonde" streek,²⁸ terwyl Boshof aangeprys is as geleë in die middel van die uitnemendste veeplase en van 'n daagliks toenemende bevolking.²⁹ Dieselfde argumente is aangevoer vir Philippolis,³⁰ Kroonstad³¹ en Reddersburg.³²

- 24. V.A.B., V.R. 157 Bylae tot Volksraadnotule 1856: Memorie van wel-erw. A. Murray (jr.), 14.2.1856, pp.123—125.
- 25. OVS-VOLKSRaad, *Notulen* ..., 14.2.1856, p.32.
- 26. *The Friend*, 19.4.1861, hoofartikel: "The Free State."
- 27. *The Friend*, 18.3.1859.
- 28. *The Friend*, 6.1.1860.
- 29. *The Friend*, 8.3.1856.
- 30. V.A.B., V.R. 169 Bylae tot Volksraadnotule 1861 I: Memorie van P.J. Louw en 23 ander, 22.1.1861, pp.156—158.
- 31. *The Friend*, 17.3.1855.
- 32. Die Volksraad het Reddersburg as dorp erken huis omdat dit so vinnig in bevolking en grootte toegeneem het. OVS-VOLKSRaad, *Notulen* ..., 21.2.1861, p.58.

1	2	3	4	5	6	7	8
9	10	11	12	13	14	15	16
17	18	19	20	21	22	23	24
25	26	27	28	29	30	31	32
33	34	35	36	37	38	39	40

Plan van Reddersburg, 1859—1864.

FOTO: VRYSTAATSE ARGIEFBEWAARPLEK, BLOEMFONTEIN.

hy verduidelik dat ses lidmate van die gemeente van Bloemfontein reeds die vorige jaar 'n komitee gestig het om die oprigting van 'n dorp en 'n kerk in die geweste Onder-Modderrivier te bevorder. Hiervoor het hulle die plaas Van Wyksvallei aangekoop. Die ring van Transgariep het sy goedkeuring daaraan geheg en die gemeente Van Wyksvallei (Boshof) is tot afsonderlike gemeente verklaar.²⁴ Die gemeente was egter nog klein en vir 'n groot gedeelte arm. Daarom is die Volksraad versoek om sy hulp te verleen tot die "instandbrenging" van Boshof (die eerste erwe is reeds meer as twee jaar tevore verkoop!) deur bykomende grond aan te koop, hereregte vry te skeld, 'n geldelike bydrae vir 'n goewermentsonderwyser toe te ken, 'n vrederegter aan te stel en sodoende die gemeente so gou moontlik tot 'n afsonderlike distrik te verklaar. Die staatskas sou immers voordeel trek uit die transport van die verkoopde erwe. Die Volksraad was heeltemal bereid om aan die invloedryke dominee se versoek te voldoen.²⁵

Om saam te vat: die stigting van agt uit die nege dorpe onder bespreking was ten nouste verbonde aan die behoefte vir 'n kerksentrum. Die beskawingsfunksie van predikante en kerkraadslede is dan ook hoog geag in die OVS. Volgens *The Friend* het hulle tesame met die skoolmeesters vir die gemeenskap beteken "what chloride

Die Edenburg-memorialiste het die Volksraad probeer oortuig dat dit deur die groot vermeerdering van die bevolking as noodsaaklik geag moet word "om hier en elders nieuwe dorpen aantekleggen, zoowel in het belang van het publiek als dat van Volk en Staat"³⁵

(b) Geografiese faktore

Sonder voldoende watervoorsiening kon daar geen sprake van dorpstigting wees nie. Die meeste van hierdie dorpe het dus naby riviere of standhoudende fonteine ontstaan: Kroonstad aan die Valsrivier, Jacobsdal aan die Rietrivier, Edenburg aan die Bo-Rietrivier op 'n plaas met sterk fonteine, en Philippolis en Boshof naby die Oranjerivier. Veral Boshof het erwekopers probeer lok deur te spog met baie water, "meer dan eenig Dorp in de Souvereiniteit."³⁶

Afgesien van die feit dat Jacobsdal digby die Rietrivier geleë is (soos Kroonstad in die omgewing van 'n goeie drift³⁵), was dit ook aan te beveel as 'n dorp weens die aanwesigheid van vyf nabygeleë fonteine. Dit het die eienaar van die plaas waarop Jacobsdal ontstaan het, nl. Kalkfontein, in staat gestel om 'n groot aantal watererwe te koop aan te bied.³⁶

Benewens die ligging ten opsigte van standhoudende water het die dorpstigters die nabyheid van hoofweë en paaie sterk beklemtoon. So bv. kon Kroonstad se dorpstigters die feit beklemtoon dat hul voorgenome dorp geleë is aan die hoofweg van die Kaapkolonie, Bloemfontein en Winburg na Mooirivierdorp (Potchefstroom) en die ZAR. Boonop was die hoofweg van Natal na Mooirivierdorp ook slegs tien minute se ry van die nuwe dorp geleë.³⁷ Philippolis weer was geleë op die grootpad tussen Bloemfontein, Colesberg en Fauresmith en aan die grootpad van Port Elizabeth en Transvaal.³⁸

Boshof kon selfs daarop aanspraak maak dat hy geleë was "by het kruisen van acht verschillende paden" o.m. die grootpad vanaf die ZAR na Hopetown.³⁹ Bethlehem was geleë aan "de groote wagenweg" van Winburg na Harrismith, sowel as dié van Kroonstad na Harrismith. In werklikheid het drie hoofweë hier byeengekom, nl. die vanaf Kroonstad, Harrismith en Bloemfontein.⁴⁰

'n Dorp se ligging ten opsigte van ander dorpe is as belangrik beskou. Toe aansoek by die Volksraad gedoen is om Edenburg as dorp te erken, het die memorialiste daarop gewys dat die plaas waarop die dorp sou verrys, sewe uur te perd van Fauresmith, nege uur van Bloemfontein, tien uur van Smithfield en elf uur van Philippolis geleë was. Dit kon dus beskou word "als een zeer goed centraal punt".⁴¹ Dit is egter verswyg dat die dorp baie na aan Reddersburg geleë is.

Bethlehem se aansoek om dorpserkenning daarenteen, het gewag gemaak van die feit dat Harrismith vir die wyk Wittebergen so ver geleë is "dat er tweé revieren zijn welke in de zomer onpassabel zijn en de afstand is voor velen meer dan elf uur te paard".⁴²

Soms is 'n dorp se stigting bevorder deurdat dit of naby of ver van die Vrystaatse grens geleë was. In werklikheid het die idee van Rouxville se ontstaan sy oorsprong in die Volksraad gehad. In Februarie 1856 het die Volksraad die president aangesê om 'n nuwe dorp aan te lê op die wal van die Oranjerivier teenoor Aliwal-Noord en 'n plaas op voordelige wyse vir die doel aan te koop.⁴³ Hieraan kon die president blykbaar nie uitvoering gee nie en dit was eers sewe jaar later dat Rouxville tot stand gekom het. Toe is die mening uitgespreek dat Rouxville "will be of immense benefit to that portion of the State ... in tending to strengthen the border"⁴⁴

Ten tyde van die botsing met die Nie-Blanke het

Memorie van ds. A. Murray (jr.) aan die Vrystaatse Volksraad waarin versoek word dat die gemeente Van Wyksvlei (Boshof) tot afferonderlike gemeente verklaar word.

FOTO: IAN TRAILL, MET VERGUNNING VAN DIE VRYSTAATSE ARGIEF-BEWAARPLEK, BLOEMFONTEIN.

13 Februarie 1856

Van den Edelhebbaren Volksraad
van den Orange Vrystaat

Geflyt dat gevraag word aan den ander
staat, die vervaar van Bloem
fontein, sodat te kenmerk.

Dat in die loop van die maand
November geskied dat die gemeente
van Bloemfontein soek aangevind
het tot binne komme om die opgrig-
ting te bevorderen van een dorp
naar Kalk in die gemeente van
ander Noodde River -

Dat ry daar toe a plaas van
Vijfshoek gehad het
van die formule van Rd. 34000,

Nat een commissie door den
ring van Graaff enige daaroor
aangesteld was Gedurende daa-
ran getrek heeft, en geskei naam
van die ring de gemeente van
Vijfshoek gehad om afvraag of die
heft verlaat.

dit natuurlik in 'n dorp se guns getel indien hy ver van
die toneel van grensbotsings verwijderd was. Gevolglik
het Kroonstad onomwonde propaganda vir homself ge-
maak en gewys op "the advantage and security of being
at a great distance from the native frontier. It is 12 hours
distant from Winburg and Mooi River, and twenty from
Harrismith".⁴⁵

- 33. V.A.B., V.R. 174 Bylae tot Volksraadnotule 1863 II: Memorie van J.J. Pienaar en 54 ander, ongedateerd, p.32.
- 34. *The Friend*, 14.1.1854. Twee jaar later was hierdie nuusblad nog steeds van mening dat Boshof tot 'n belangrike dorp sou ontwikkel "there being a more advantageous opening for deriving subsistence from the soil, than in any other village in the State, by reason of the large supply of water, and the extent of the grazing ground". *The Friend*, 26.4.1856.
- 35. Oor Kroonstad getuig landmeter J.M. Orpen: "I was also to arrange the purchase or exchange of some land on both sides of the Valsch River at the drift on the main road, in order to lay out a township there". *Reminiscences of life in South Africa* ... (Kaapstad, 1964), p.227.
- 36. *The Friend*, 4.2.1859.
- 37. *The Friend*, 17.3.1855.
- 38. V.A.B., V.R. 169 Bylae tot Volksraadnotule 1861 I: Memorie van P.J. Louw en 28 ander, 22.1.1861, p.156.
- 39. *The Friend*, 8.3.1856.
- 40. *The Friend*, 6.1.1860.
- 41. V.A.B., V.R. 174 Bylae tot Volksraadnotule 1863 II: Memorie van J.J. Pienaar en 54 ander, ongedateerd, p.32.
- 42. V.A.B., V.R. 177 Bylae tot Volksraadnotule 1864 II: Memorie van J.C. Muller en 2 ander, 13.1.1864, p.182.
- 43. OVS-VOLKSRAAD, Notulen ..., 26.2.1856, p.50.
- 44. *The Friend*, 19.6.1863.
- 45. *The Friend*, 17.3.1855.

(c) Handelsoontlikhede

Handel was 'n belangrike faktor in dorpstigting en ontwikkeling. Die dorpstigters van Rouxville het in hoofopskrifte voorspel dat hulle nuwe dorp 'n groot deel van Aliwal-Noord se handel sou trek. Hierdie handel het in wol alleen jaarliks 4 000 bale beloop. Daarbenewens sou die hoofweg van die Kaapkolonie na Basoetoland deur Rouxville gaan en die handel met Basoetoland wat minstens £50 000 per jaar oplewer en steeds vermeerder, "wegens de ligging in dit dorp moet gedreven worden" Die distrik is beskryf as een van die rykstes in die Vrystaat ten opsigte van die produksie van graan, wol en vee. Daarom is handelaar en spekulant uitgenooi om die erweverkoping by te woon.⁴⁶ *The Friend* het optimisties beweer dat Rouxville "[will] divert the trade of the Caledon district or at least a considerable portion of the same from Aliwal, which has hitherto enjoyed the almost exclusive monopoly of it".⁴⁷

Oor die geleenthede en rykdom van so 'n "wereld bekend district" as Bethulie was dit in die oë van die dorpstigters nie nodig om veel te sê nie. Handelaars kon daar "een spoedig fortuin" maak. Die distrik het in sy eerste jaar van bestaan meer as 3 000 bale wol opgelever en vir die "Koopman, Handelaar en Karwyer, is er geen vergelyking in den geheelen Vrystaat".⁴⁸

Jacobsdal is uitgelê "op een voor den handel zeker goedgekozen plek, in den grooten weg naar Kuruman en het zich dagelik meer ontwikkelende Makwassie, ook de handelaars van het Zuiden die naar het meer Ngami gaan (behalve de smokkelaars in kruid) moeten daar voorbij".⁴⁹ Om erwe daar te koop, sou dus geleenthed bied vir spekulante en kapitaliste wat begerig was om hul kapitaal voordelig aan te wend.⁵⁰

Omdat Boshof slegs ses uur te perd geleë was van die Vaalrivier was dit in die hoofweg "voor al de heren Jagters en Handelaars".⁵¹

(d) Klimaat en natuurskoon

Bethulie se klimaat is deur sy propagandiste geloof as hoogs aangenaam en gesond,⁵² terwyl Bethlehem se ondersteuners nog meer entoesiasies was omdat sy klimaat dié van die gesondste streke in die Vrystaat oortref het.⁵³

In die advertensie vir Bethlehem se erweverkoping is die uitsig van die dorp as "zeer schoon" beskryf.⁵⁴ Oor die natuurskoon te Bethulie was die gloeiende kommentaar van die dorpsontwikkelaars: "...de omliggende vertooning is zoo als in geen ander plaats in de Vrystaat gezien kan worden, hebben het tezamenkomst van Oranje- en Caledonrivieren in gezicht".⁵⁵

ERWEVERKOPING

Oor die wyse waarop erweverkopings in hierdie jare plaasgevind het, is min gegevens beskikbaar. Moontlik is die geval van Edenburg tiperend. Sondag 23 Februarie 1862 was 'n groot kerkdag vir die gemeente. Die volgende dag was daar weer 'n byeenkoms, maar hierdie keer om te besluit oor die stigting van 'n nuwe dorp en om terselfdertyd oor te gaan tot die verkoop van sommige van die erwe.⁵⁶ Nadat die aanwesige burgers 'n positiewe besluit geneem het, is daar met die verkoop van erwe begin. Met "het klokkelui op het deksel van een oude zeepot worde verkoop van Edenburg's grond aangekondig" Alhoewel uitsonderlike hoe pryse behaal is, is weldra besluit om die verkoping te staak en weer tydens 'n volgende kerkdag daarmee voort te gaan.⁵⁷

Die eerste veiling van erwe in Boshof is ook voorafgegaan deur 'n kerkdiens. Ongelukkig is dit swak bygewoon weens kommando-voorbereidings en slegte weer.⁵⁸

Uit beskikbare gegevens blyk dit dat daar 'n toenemende aanvraag vir dorpserwe in die Vrystaat was. Die volgende tabel lewer bewys van stygende erfpryse:

Jaar	Dorp	Gemiddelde Prys van Erwe (water- en droë)
1855	Kroonstad	210 riksdalers
1856	Boshof	489 "
1859	Jacobsdal	483 "
1862	Edenburg	1 097 "

Die vinnige groei van dorpe het in die Vrystaat nie ongemerk verbygegaan nie. In 'n interessante hoofartikel het *The Friend* in 1861 gewys op die groei en vooruitgang wat dwarsoor die Vrystaat te bespeur is. In geen ander deel van suidelike Afrika, aldus *The Friend*, was die bevolking besig om so vinnig te vermeerder as in die OVS en die ZAR nie. Feitlik week vir week stroom waens, troppe vee, vroue en kinders uit die Kaapkolonie deur Bloemfontein na nuut aangekoopte plase in die distrikte Winburg, Kroonstad en Harrismith. Bykans elke plaas in die Bloemfontein-distrik word reeds bewoon, terwyl die Blanke bevolking in die distrikte Caledonrivier en Fauresmith grootliks toegeneem het. So ook die handel. Winkeliers sien nou stapels wol waar hulle tien jaar gelede nie 'n baal wol met 'n vergrootglas sou kon vind nie. "New villages are springing up in our midst like mushrooms. 'Reddersburg' is now a large place 'Boshof' 'Cronstadt', 'Jacobsdal' and 'Bethlehem' are also striving hard to become big, and we doubt not that in ten years time the disparity between them and the Eastern Metropolis will not be so startling as it is now". Winkels maak oral hulle verskyning en voer winsgewende handel. Juis dit is grootliks te verwelkom, want in 'n land soos die Vrystaat "every village and shop may be rightly looked upon as a nucleus not only of *trade* but of *civilization*. Landed property is rising in the market, and we daily hear of it exchanging hands at almost fabulous prices". (En dan word verwys na grond by Bethulie wat vir £1 per morg verkoop word.)⁵⁹

Die ontstaan van nuwe dorpe is beskou as bewys van die lewenskragtigheid van 'n nuwe staat. So was dit ook. Tog sou die toekoms toon dat sommige dorpe soos Jacobsdal en Rouxville nie na verwagting sou groei nie, terwyl 'n dorp soos Bethlehem, waaroor daar versigtige kommentaar uitgespreek is, sou bloei en gedy.

Die eerste tien jaar van dorpsontwikkeling in die Oranje-Vrystaat het taamlik onplanmatig geskied. Van 1864 af sou die Volksraad veel strenger beheer uitoefen oor die verkoop van erwe en dorpstigting. Maar lewenskragtige groei was nog steeds in die vooruitsig. ☐

46. *The Friend*, 18.9.1863.

47. *The Friend*, 19.6.1863.

48. *The Friend*, 25.4.1862.

49. *The Friend*, 18.3.1859.

50. *The Friend*, 4.2.1859.

51. *The Friend*, 14.1.1854.

52. *The Friend*, 25.4.1862.

53. *The Friend*, 6.1.1860.

54. *The Friend*, 6.1.1860.

55. *The Friend*, 25.4.1862.

56. Vir die vlymskerp kritiek op teenstanders van die verkoop van erwe, kyk *The Friend*, 21.3.1862, hoofartikel: "Edenburg, Boven Rietrivier, 24 February".

57. *Ibid.*

58. "After a morning service, in which all were exhorted to unanimous co-operation in the raising of a church and village, the sale took place". *The Friend*, 26.4..1856.

59. *The Friend*, 19.4.1861, hoofartikel: "The Free State".